

BEVOEGHEID OM 'N BOERDERY TE KAN BESTUUR DEUR DR PHILIP THEUNISSEN

JOU BESIGHEID EN SARS

Die meeste boere wil geensins betrokke raak by enige belastingaspekte van hulle boerderye nie en skuif hierdie funksie in geheel af op hulle boekhouers. As daar dan probleme opduik trek hulle skouers op en blameer die boekhouer daarvoor. Die boekhouer gee net weer wat in die boerdery gebeur het en daarom is dit noodsaaklik dat die boer self ook 'n algemene begrip het van die verskillende aktiwiteite van SARS en ook sy verpligtinge teenoor SARS in gevolge belastingwetgewing.

Die belastingwette word deur die Kommissaris van SARS geadmistrateer deur middel van kantoor regoor die land. SARS word volgens wet verplig om die belastinglas van elke belastingpligtige vas te stel en om die korrekte betaalbare belasting in te vorder. Die SARS-kantore tree namens die Kommissaris op en moet toesien dat die belastingwette korrek en regverdig toegepas word sonder dat iemand bevoor- of benadeel word.

Belasting op toegevoegde waarde (BTW) en Inkomstebelasting is by verre die belangrikste belasting. Daar is egter ook Kapitaalwinstbelasting, Skenkingsbelasting, Boedelbelasting, Hereregte en Aksynsbelasting. Vir die huidige sal daar net op Inkomstebelasting gefokus word en veral dan hoe dit die boerdery as 'n besigheid raak. Inkomstebelasting is die Staat se hoofbron van inkomste en word gehef op belasbare inkomste in gevolge die Inkomstebelastingwet van 1962.

Registrasie

Sodra daar met 'n besigheid begin word, word daar vereis dat die boerdery by sy plaaslike SARS-kantoor as belastingbetaler sal registreer. Dit geld vir enige besigheidsvorm naamlik alleeneienaar, vennootskap, maatskappy, beslote korporasie of trust. Afhangende van faktore soos omset, salarisse en lone, in- of uitvoere, ensovoorts, kan die boerdery ook verplig raak om vir ander belastingsoos BTW, SIBW, Doeane en Aksyns en Vaardighedsontwikkelingsheffing te registreer.

Inkomstebelastingopgawes word jaarliks aan geregisteerde belastingbetalers uitgereik na afloop van die finansiële jaareinde. Die belastingjaar dek twaalf maande wat in die geval van individue vanaf 1 Maart tot 28 Februarie strek. In die geval van maatskappye en beslote korporasies kan die belastingjaar 'n ander tydperk van twaalf maande dek. Belastingpligtiges het gewoonlik ongeveer vier maande na sluiting van die finansiële jaar om hulle belastingopgawes in te dien. As dit nie moontlik is om die belastingopgawe binne hierdie tydperk in te dien nie, kan daar om uitstel gevra word.

SARS slaan die belastingpligte dan vir die betaling van belasting aan op grond van die inligting wat in die opgawe verstrekk is. Die aanslag geld vir die betrokke finansiële jaar en die belastingverpligting word in gevolge daardie jaar se belastingkale bereken.

Voorlopige betalings

Waar 'n belastingbetaler 'n ongereelde inkomste ontvang wat moeilik deur die loop van die belastingjaar bepaal kan word, word hy deur SARS as 'n voorlopige belastingbetaler geregisteer. Hierdie belastingpligtiges kry gewoonlik eers die finale berekening van hulle belasbare inkomste wanneer hulle

finansiële state vir die betrokke tydperk opgestel is. SARS wil egter nie wag totdat die belasbare inkomste bekend is nie en verplig die belastingbetaler om deur die loop van die betrokke jaar voorlopige belastingbetalings te maak wat op 'n skatting van die belasbare inkomste gebaseer word. Dit word soos volg bereken:

- 'n Bedrag, gelykstaande aan die helfte van die totale geskatte betaalbare belasting vir daardie jaar, binne ses maande nadat die betrokke belastingjaar begin het.
- 'n Bedrag, gelykstaande aan die totale geskatte betaalbare belasting vir daardie jaar, op die laaste dag van die betrokke belastingjaar.
- Indien die belastingpligtige se belasbare inkomste meer as R50000 vir die belastingjaar is (R20000 in die geval van maatskappye en beslote korporasies), kan hy 'n vrywillige derde betaling binne ses maande na die einde van die betrokke belastingjaar maak sodat hy dan 100% van die werklik berekende betaalbare belasting betaal het.

Verder geld die volgende bepalinge ten opsigte van die geskatte inkomste:

- Die geskatte inkomste mag nie kleiner wees as die belasbare inkomste van die jongste voorafgaande jaar waarvoor daar 'n aanslag uitgereik is nie. Indien daar 'n goeie rede is waarom die geskatte bedrag wel kleiner is, kan die kleiner bedrag met die toestemming van SARS gebruik word.
- Die geskatte bedrag mag uiteindelik ook nie minder as 90% van die werklik berekende bedrag vir die betrokke belastingjaar wees nie.
- Indien daar op grond van die geskatte bedrag meer belasting oorbetal is as wat nodig was, betaal SARS rente teen 12% daarop vanaf ses maande na die einde van die belastingpligtige se belastingjaareinde. Indien daar 'n onderbetaling was, betaal die belastingpligtige 15% rente aan SARS vanaf ses maande na die einde van die belastingjaar. Om rente vry te spring moet die derde vrywillige betaling dus binne ses maande na die belastingjaareinde gemaak word.

Die Inkomstebelastingwet bepaal dat maatskappydirekteure, lede van beslote korporasies, persone wat ander inkomste as besoldiging ontvang, maatskappye en beslote korporasies as voorlopige belastingbetalers moet registreer. Dit moet geskied binne 30 dae na die datum waarop hulle voorlopige belastingpligtiges geword het.

SIBW

Die boer kan werknemers in sy diens hê. Die eenvoudigste groep belastingpligtiges, uit SARS se oogpunt, is daardie groep wat vir 'n werkgewer werk en slegs salaris ontvang. Omdat hulle geen ander inkomste ontvang nie is dit baie maklik om die belastingaanspreeklikheid vir 'n bepaalde belastingjaar te bereken. Daarom het SARS die Standaard-Inkomstebelasting op Werknemers (SIBW) ingestel waarvolgens inkomstebelasting by hierdie groep belastingpligtiges gevorder word.

Ingevolge SIBW is dit die werkgewer se plig om die betrokke belastingjaar se presiese inkomstebelasting maandeliks vanaf alle werknemers se salaris te vorder, indien hulle totale besoldiging minder as R60000 is. Sulke belastingpligtiges dien nie 'n belastingopgawe in nie en hulle kry dus nie 'n belastingaanslag vir betaalbare belasting van SARS nie. Dit beteken beslis nie dat hulle nooit belasting betaal nie. Die rede is eenvoudig dat die werkgewer reeds die presiese en totale bedrag aan betaalbare belasting op 28 Februarie aan SARS oorbetal het.

Die SIBW vergemaklik SARS se administrasie. Indien 'n belastingpligtige egter voel dat daar te veel belasting oorbetaal is, bestaan daar prosedure waarvolgens hy dit kan terugeis, al het hy nie 'n opgawe ingedien nie.

LBS

Die Lopende Betaalstelsel (LBS) funksioneer in beginsel soos SIBW. Die werkgewer moet ook die betaalbare belasting maandeliks van die werknemer se salaris invorder en aan SARS oorbetaal. SARS veronderstel egter dat hierdie groep belastingbetalers wel ook ander inkomste, buiten besoldiging, kan ontvang. Gevolglik word daar 'n belastingopgawe ingedien en sal so 'n belastingpligtige 'n belastingaanslag ontvang om die verskuldigde gedeelte van die betaalbare belasting aan SARS te betaal. Werknemers wat meer as R60000 aan besoldiging ontvang, val in hierdie groep.

Slotsom

Die drie stelsels waarvolgens inkomstebelasting ingevorder word funksioneer nie afsonderlik van mekaar nie. Wanneer die boer sy belasbare inkomste bereken, neem hy sy totale inkomste in aanmerking, ongeag uit watter bron dit ontvang is. Hy kan dus alle belastingbetalings wat hy reeds betaal het van die betaalbare belasting aftrek, ongeag ingevolge watter stelsel dit aan SARS oorbetaal is en solank dit net ten opsigte van die betrokke belastingjaar gemaak is.

SARS moet inkomstebelasting met gereelde tussenposes ingevolge die Inkomstebelastingwet invorder. Hierdie wet beskryf dus eerstens die metode waarvolgens belasbare inkomste bereken word. Tweedens stel dit die belastingskale, -koerse en -kortings vas waarvolgens die betaalbare belasting bepaal word. Laastens reël dit die prosedure vir die ordelike oorbetalings van die betaalbare belasting vir die onderskeie belastingbetalersgroepe.

BETHLEHEM
Julie 2006